

1. LIEF EN LEED

Deel julle lief en leed met mekaar met die oog op bemoediging en voorbidding en dank aan God!

2. INGENOOI IN GOD SE RUS EN TYD

Raak rustig in God se teenwoordigheid en bid saam.

3. LUISTER NA GOD SE WOORD

Lees saam uit 1 Petrus 4:12-19. Wat tref jou wanneer jy hierdie gedeelte lees? Gesels saam daaroor, veral in die lig van Lydenstyd. (Lees die gedeelte in die gemeentenuus). Lydenstyd strek vanaf Aswoensdag (verlede Woensdag) tot en met Stil Saterdag, die dag voor Opstandingsondag. As die Sondae in hierdie tyd uitgesluit word, duur hierdie tydperk 40 dae, dieselfde aantal dae wat Jesus in die woestyn deurgebring het. Lydenstyd is noodsaaklike voorbereiding vir die viering van Paasfees. Ons kan nooit die werklike betekenis van Jesus se opstanding snap as ons nie onself herinner aan sy kruisiging en die lyding wat dit voorafgegaan het nie.

4. LUISTER NA MEKAAR EN DIE WÊRELD

Deel met mekaar watter dinge hier op aarde mense laat swaarkry. Dink aan persoonlike hartseer of swaarkry, maar spesifiek ook aan die lyding wat Egiptiese (Koptiese) Christene en ander gelowiges in die Ooste beleef ter wille van die Naam van Jesus. Die vervolging en onreg wat gepleeg word in Egipte, Libië en baie ander plekke. Praat ook oor mense se geneigdheid om swaarkry en lyding as straf van God te beleef. Hoekom dink jy is dit so? Is swaarkry die gevolg van ons skuld en sonde – m.a.w. die straf van God?

5. LUISTER WEER NA DIE WOORD VAN DIE HERE

Lees nou weer 1 Petrus 4:12-19. Die gedeelte sê ons moenie verbaas wees oor die vuurproef wat ons beleef nie. Wat dink julle word bedoel met 'vuurproef'? En dan gaan die gedeelte nog verder en sê dat ons bly moet wees oor lyding? Is dit moontlik? Waarteen weeg die gedeelte die lyding op? Let ook op dat ons lyding nie die gevolg van ons sondige optrede moet wees nie! Watter drie dinge moet 'n gelowige doen wat swaarkry (ly) omdat God dit wil/toelaat?

6. FOKUS OP WAT GOD DOEN

God het in en deur Jesus Hom met ons lyding en swaarkry kom vereenselwig. Hy het ook vir ons lyding gely. Ons lyding gaan oor die swaarkry, worsteling, sonde, skuld en hartseer in ons lewe. Jesus Christus het aan die kruis daarvoor betaal! Hoe gebruik God swaarkry en lyding tot seën in mense se lewens?

7. ANTWOORD MET JOU LEWE

Hoe gaan jy van nou af lyding, swaarkry en gebrokenheid beskou en hanteer?

8. BID NOU SAAM

Deel julle worstelinge en swaarkry met mekaar, en bid dan saam daaroor – dat ons God se Naam sal verheerlik; dat ons absoluut op Homs al vertrou en dat ons sal aanhou goed doen, omdat God ander mense ook in en deur ons lyding en swaarkry aanraak!

9. BEVESTIG weer julle diensbeurte en ander reëlins van belang.